NOTULE

DERDE SITTINGSDAG
WOENSDAG 12 OKTOBER 2016

SESSIE 8 (08:00 -11.30)

Die begeleidingsgroep gaan die sinode voor in lofprysing.

23. DAGOPENING

Dr. Marinda van Niekerk (Pretoria-Oos) open die dag met gebed.
Sing: Flam 92, Lied 526, Lied 207, Flam 124, Flam 353.
Dr. van Niekerk deel die Woord van die Here met gedagtes na aanleiding van die Skriflesing uit 2 Kronieke 22:1-4 en 10-12.
Slotlied: Lied 284.

Dr. Dewyk Ungerer heet almal welkom vir die dag, in die besonder dr. James Kirkpatrick (Suidoos-Pretoria), ds. Johan van Loggerenberg (Noordoos-Pretoria), Arina Jooste (TOIBO), dr. Peter Lambert (Andrew Murray Pretoria), ds. Thinus Grobler (Noordoos-Pretoria), ouderling Jan Loots (Koedoesrand).

Dr. Dewyk Ungerer kontrakteer reëlings vir die vergadering oor die sake wat vandag hanteer gaan word.

Ds. Paul Grobler gee praktiese reëlings deur. Dewald Muller (Suidoos-Pretoria) word gelukgewens met sy verjaardag. NG Waverley-Oos vier op 30 Oktober hulle 50ste verjaardag. Ds. Grobler herinner ook weer die vergadering daaraan dat daar vandag ‘n dankoffer opgeneem sal word.

24. REGTE (Eerste verslag bl 127, Bepaling 32.2.9)

Bepaling 32.2.9: Goedgekeur
Huidige bepaling: Tydens die sinode word daar ‘n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
*1. Die moderator, assessor en aktuarius.
*2. Vyf addisionele lede.
*4. Adviserend: die sinode se predikant in sinodale diens, wat ampshalwe as skriba optree, en die saakgelastigde van die sinode.
Wysig om te lees: Tydens die sinode word daar ‘n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
***1. Die moderator, assessor en aktuarius.**
***2. Twee addisionele lede.**
***3. Die direkteur van die Noordelike Sinode wat ampshalwe as skriba optree.**
***4. Adviserend: Die saakgelastigde van die sinode.**

24. LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (vervolg)

Selfdegeslagverhoudinge – (Gespreksdokument bl 29-30, asook Bylaag 4, bl 70-83)
Die verslag word aan die orde gestel deur dr. Fanie Cronje (NG Riviera-Jakaranda) met enkele opmerkings, waarna hy dr. James Kirkpatrick (NG Suidoos-Pretoria) aan die woord stel.

Dr. James Kirkpatrick maak ‘n paar opmerkings oor die saak van selfdegeslagverhoudinge.

1. Ongemak
2. Eerlike soeke na die wil van God
3. Gelowiges wat verskil

4. Onseker
5. Besluit van 2015 as vertrekpunt

Die voorsitter gee geleentheid aan die vergadering vir oop gesprek oor die tema van selfdegeslagverhoudinge.

Die voorsitter gee geleentheid vir tafelgesprek rondom die tema van selfdegeslagverhoudinge.

Die voorsitter vra voortgesette voorbidding vir die situasie op ons kampusse.

25. VERKIESING VAN MODERATUUR

Die voorsitter vra vir nominasies vir die moderatuur.

Ds. Paul Grobler tref enkele praktiese reëlings.

Adriaan Bezuidenhout (ouderling van Valhalla) doen die tafelgebed.

Die vergadering verdaag vir midbyt (brunch). – 10:30

SESSIE 9 (11:30 – 13:30)

Die voorsitter verwelkom ds. Francois Smit (Pretoria) wie se ma siek is, ter vergadering en maak verskoning vir ds. Louis Fourie (Valhalla) vir die res van die vergadering, aangesien sy vrou ernstig siek is.

26. LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (vervolg)

Selfdegeslagverhoudinge – (gespreksdokument bl 29-30, asook bylaag 4 & 5, bl 70-84) (vervolg)
Die voorsitter gee inligting deur aan die vergadering oor die prosesse wat tans rondom die besluite oor selfdegeslagverhoudinge van die Algemene Sinode 2015 aan die gang is, waarna tafelgesprekke voortgesit word.

Dr. Fanie Cronje lewer kortliks repliek oor die verslag en gesprek oor selfdegeslagverhoudinge.

VOORSTEL 4: Kennis geneem

1. **Kan die STLAS die vergadering inlig oor:**
2. **Die regsaak teen die NG Kerk en of is dit afgeweer.**
3. **Of ‘n besluit tydens hierdie vergadering geneem gaan word.**
4. **Wat die implikasie van bogenoemde sal wees indien dit verskil van die Algemene Sinode se besluit deur middel van revisie of beswaarskrif?**
5. **Indien geen van bogenoemde kan die doel van die gesprek gedefinieer of die noodsaaklikheid daarvan verduidelik word.**
6. **Word die vergadering versoek om die Algemene Sinode se besluit te aanvaar.**

T Coetzee — **Voorsteller**
J Steynberg — **Sekondant**

VOORSTEL 5: Goedgekeur
Die Noordelike Sinode gee opdrag aan STLAS om die Sinode te bedien met ‘n studiestuk oor die definisie van ‘n huwelik. Alternatiewelik, lig ons in indien so ‘n studiestuk reeds bestaan.

JJ Hamman — **Voorsteller**
PA Crous — **Sekondant**

VOORSTEL 6:
Die Noordelike Sinode is dankbaar dat ons as afgevaardigdes die geleentheid kan hê om oor die Algemene Sinode se 2015 besluite oor selfdegeslagverhoudinge met mekaar openlik te kan praat. Die Sinode bevestig dat ten spyte van ernstige verskille ons mekaar steeds respekteer en vashou. Die Sinode ondersteun die 2015-besluite in soverre dit:

1. Ruimte vir verskille handhaaf en Kerkrade vertrou om na gelang van plaaslike omstandighede besluite met pastorale sensitiwiteit en wysheid te kan neem,
2. Duidelik bevestig wat ons saambind naamlik pastorale aanvaarding van homoseksuele persone,
3. Die moed openbaar om oor 'n tydperk van 30 jaar se worsteling besluite te neem.

WA Pretorius	A van Niekerk
Voorsteller	Sekondant

Voorstel 6 verval as gevolg van die ordemosie van ds. Petrus Kriel.

ORDEMOSIE: Aanvaar
Ds. Petrus Kriel stel 'n ordemosie dat die vergadering van die Noordelike Sinode nie verder besluite neem vir of teen die besluit van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie.

Die voorsitter betuig sy dank teenoor die vergadering vir die feit dat ons, eerstens 'n God dien wat in beheer is en tweedens ook die vergadering vir hulle gesindheid en samewerking tydens die gesprek oor selfdegeslagverhoudinge, asook STLAS vir hulle werk in die Noordelike Sinode.

Ds. Paul Grobler gee enkele praktiese reëlings deur en versoek die skribas van die 17 ringe om bymekaar te kom.

Die vergadering verdaag vir koffie.

Sessie 10 (14:00 – 15:45)

Die voorsitter kom ooreen met die vergadering dat Predikantebegeleiding in die volgende sessie sal begin.

27. NOTULE 1E SITTINGSDAG MAANDAG 10 OKTOBER 2016 - Goedgekeur

Stemming vir Moderator tussen Ryno Hurn (Krokodilrivier) en Dewyk Ungerer (Raslouw) vind plaas.

Ds. Paul Grobler tref reëlings vir die opneem van 'n sinodale dankoffer.

Die voorsitter bedank Arina Jooste van TOIBO vir haar teenwoordigheid by die vergadering.

Dr. Dewyk Ungerer (Raslouw) word met 'n oorweldigende meerderheid as Moderator van die Noordelike Sinode herkies.

Nominasies vir Assessor word aangevra.

28. MISSIONALE GEMEENTES bl 100

Dr. Willem Pretorius lei die verslag in deur middel van 'n gesprek met die spanlede.

Die voorsitter reël vir tafelgesprekke in die vergadering.

Spanlede gee verder terugvoer.

Die vergadering stel vrae aan die spanlede.

Ds. Paul Grobler tref ’n paar praktiese reëlings.

Stemming vir Assessor tussen James Kirkpatrick (Stellastraat) en Willem Pretorius (Kameeldrif) vind plaas.

Dr. James Kirkpatrick (Stellastraat) word verkies as Assessor van die Noordelike Sinode.

Nominasies vir Aktuarius word gevra.

Sessie 11 (16:15 – 17:45)

Dr. Willem Pretorius en die lede van die span beantwoord die vrae uit die vergadering.

Die voorsitter gee verder geleentheid aan die vergadering om vrae te stel.

29. MISSIONALE GEMEENTES bl 100 (vervolg)

1. GEMEENTEBEDIENING

AANBEVELINGS: Goedgekeur
1. Die Sinode keur die raamwerk vir gemeentebegeleiding goed.
2. Die Sinode moedig gemeentes aan om daadwerklik gebruik te maak van luisterprosesse en deel te neem aan netwerke.

2. LIDMAATBEMAGTIGING

AANBEVELING: Goedgekeur
Die Sinode versoek die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake om dringend aandag te gee aan sakramentsbediening.

Die voorsitter bedank die taakspan.

Die voorsitter gee aan Stefan Wilson (ouderling Soutpansberg) geleentheid om die vergadering kortliks in te lig oor die droogte situasie in die sinodale gebied. Daarna kry die vergadering geleentheid om by die tafels voorbidding vir die landbou gemeenskap te doen.

Ds. Attie Nel (Waverley) word onbestrede verkies tot Aktuarius.

Nominasies word gevra vir die addisionele lede van die moderatuur.

30. PREDIKANTEBEGELEIDING bl 98

Ds. Paul Grobler lei die verslag in. Geleentheid word vir die vergadering gegee om terugvoer te gee rakende die betrokkenheid van leraars by mentorskap en sinodale wegbreke.

Ds. Wimpie Jordt (Koedoesrand) gee toeligting oor spanontwikkeling.

Dr. Johan van den Heever (Eldoraigne) gee toeligting oor mentoraat.

Dr. Fanie Cronje (Riviera-Jakaranda) gee toeligting oor predikante wegbreke.

Die voorsitter gee geleentheid vir tafelgesprekke oor predikantebegeleiding en vrae vanuit die vergadering.

10. AANBEVELINGS: Goedgekeur
10.1. Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat hulle predikante deel is van 'n mentoraatsprogram.
10.2. Die Sinode versoek kerkrade en ringe om seker te maak dat indien daar 'n nuwe predikant in 'n gemeente ontvang word, daar wel 'n spanontwikkelingsprogram deurloop word.
10.3. Die Sinode versoek ringe en gemeentes om moeite te doen met emeriti en proponente wat wag vir beroepe, asook met alle ander gelegitimeerdes in hulle ringsgebied.
10.4. Die Sinode versoek kerkrade om hulle predikante aan te moedig om eenmaal in drie jaar 'n sinodale wegbreek by te woon.
10.5. Die Sinode versoek kerkrade om voorsiening te maak dat hulle predikante deel kan word van die loopbaanontwikkelingsprogram.
10.6. Die Sinode versoek kerkrade om in hulle begrotings voorsiening te maak vir die verdere bedieningsontwikkeling (VBO) van hulle predikant(e).
10.7. Die Sinode versoek die SDR om in sy strukturering van werksaamhede seker te maak dat predikantebegeleiding behoorlik aandag geniet.

Dr. Dewyk Ungerer bedank ds. Paul Grobler.

VOORSTEL 9 - Goedgekeur
Die Sinode versoek die SDR om weer opleidingsgeleenthede vir kerkrade se Taakspanne vir Diensverhoudinge aan te bied.

MJ Bosman	**M Nel**
Voorsteller	**Sekondant**

Ds. Paul Grobler tref praktiese reëlings.

Pieter Jordaan (Rustenburg-Bergsig) is afwesig as gevolg van siekte in sy gesin.
Wonderboom-Suid word 70 jaar.

31. DAGSLUITING

Ds. Lizl-Louise Schoeman (Monumentpark) sluit die dag af.
Sing: Flam 353
Slotlied: Pelgrimsgebed – Amanda Strydom

Die sinode verdaag.

32. VERLOF
RJ Beetge, Levubu. Sessie 8 – 11.
Ds. MJ Benade, Thabazimbi. Sessie 8 – 11.
Ds. K Crous, Warmbad. Sessie 11.
Ds. JW de Wet, Hartbeespoort. Sessie 8 – 11.
W Esterhuizen, Messina. Sessie 8 – 11.
K Germishuys, Warmbad. Sessie 8 – 11.
Ds. PJ Kriel, Levubu. Sessie 11.
A Pienaar, Pretoria-Dowes. Sessie 8.
J Steynberg, Waterberg. Sessie 11.
Dr. JG Strydom, Florandia. Sessie 11.
HL van Heerden, Springbokvlakte. Sessie 10 – 11.
Ds. WHS Wolhuter, Waterberg. Sessie 10 – 11.